



Fisiese kenmerke & menslike aktiwiteite

Eenheid 4



Fisiese kenmerke

Onthou julle dat ons van fisiese kenmerke geleer het? Dit sluit **berge, riviere en baaie** in. Hierdie kenmerke kan 'n invloed hê op waar mense kies om te woon en wat hulle daar doen !



Menslike aktiwiteite behels die volgende:


Die verkryging van kos deur boerdery en visvang;

Werk vir geld;


Die bou van nedersettings;

Die bou van vervoerstrukture soos hawens, spoorweë en paaie;

En die voorsiening in daaglikse behoeftes, soos water en skuiling.



**Kom ons kyk na 'n paar kenmerke
wat 'n invloed het op waar mense
kies om te woon en wat hulle daar
doen.**



1. Mense het water nodig om te oorleef!

Mense woon gewoonlik naby riviere of gebiede waar daar genoeg reënval is.

Upington is op die Oranjerivier gebou. Hierdie streek is bekend vir sy produksie van gehalte druiwe, rosyne en wyn wat op die oewers van die vrugbare vloedvlakte van die Oranjerivier verbou word.



2. Mense het kos nodig!

Mense woon dikwels waar daar vrugbare (goeie) grond en water vir boerdery is. Of hulle gaan woon naby die kus waar hulle kan visvang.



Lambertsbaai is 'n vissersdorp.

3. Mense maak dinge uit grondstowwe

Mense maak dinge soos minerale uit grondstowwe en daarom woon hulle daar waar hulle dit vanuit die grond kan myn.

Kimberley het as dorp gegroei toe daar diamante in die omgewing ontdek is!




4. Mense gebruik energie



Daarom bou mense hul dorpe in gebiede waar daar olie, steenkool of gas is.
Sekunda is 'n steenkoolmyndorp.




5. Mense vind dit makliker om op platter gebiede as in steil bergagtige areas te woon.



6. Mense het behoeftes om tussen plekke te kan beweeg.


Mense woon op plekke waar daar veilige kuslyne is en waar bote in hawens kan lê.

Baaie is bv. Meer beskut teen die weer en stormagtige see.




Voltooi nou die aktiwiteit

1. Lees weer deur die inligting.
2. Skryf die tabel oor.
3. Kyk na die tekening en kaart. Besluit watter plekke geskik sal wees sodat mense hul nedersettings daar kan bou. Maak 'n regmerkcie vir goed en 'n kruisie vir sleg. Gee ook 'n rede vir jou besluit.



Die tekening/ kaart wat jy moet gebruik om die tabel te voltooi.



Die tabel wat jy moet oorteken:

	Geskikte plek om 'n nedersetting te bou?	Rede vir jou antwoord:
1. Moeras		
2. Vlugbare vlakte		
3. Rivier		
4. Berge		
5. Heuwels		
6. Minerale		
7. Olie		
8. Baai		